**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE HG**

# Moontlike Antwoorde Supp 2007

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

**VRAAG 1**
**KORT VRAE**

1.1 1.1.1 Matteus – die enigste evangelie wat die verhaal van die wyse manne het. (Matt. 2:7)

1.1.2 Johannes – evangelie begin anders / die enigste evangelie wat die Griekse woord Logos gebruik. (Joh. 1:1)

1.1.3 Lukas stel belang in die genesing van siekes. (Luk. 6:19)

1.1.4 Johannes – sy evangelie gee spesifieke getalle / hy was ? ooggetuie. (Joh.6:19) 4x2 = (8)

1.2 Kan saam gesien word / noue verband tussen hulle. Sinopties afgelei van *syn* (saam) en *optanomai* (om te sien). Ooreenkomste ten opsigte van orde, inhoud en styl. 2x2= (4)

1.3 Filemon
Timoteus
Titus 3x2= (6)

1.4 In die tronk in Rome. (2)

1.5 "Twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is" – alle Christene. (2)

1.6 7. (2)

1.7 Johannes. (2)

1.8 Judas. (2)

1.9 1.9.1

| | | |
|---|---|---|
| Leeu | – | koningskap |
| Lang kleed | – | priesterskap |
| Getal drie | – | volheid / Drie-eenheid / God |
| Kleur wit | – | vreugde / oorwinning / suiwerheid / heiligheid |

4x2= (8)

1.10 **Algemene openbaring**: Aan alle mense, te alle tye, deur al die eeue, op alle plekke.

**Besondere openbaring**: In Ou Testament deur volk Israel, Nuwe Testament deur Jesus, in die kerk deur Heilige Gees. Deur die Skrif. 2x2= (4)

1.11 Jesus Christus. (2)

1.12 Hy staan op uit die dood.
Hy vaar op na die hemel.
Hy sit aan God se regterhand.
Hy sal weer kom. 4x2= (8)

1.13 40 dae. (2)

1.14 Hy regeer as Koning / Belofte van saamwees.
Hy stuur die Heilige Gees.
Hy gaan om plek vir Sy volgelinge voor te berei.
Hy is ons voorspraak by die Vader. 4x2= (8)

1.15 **triomferende kerk**: Almal wat getroue volgelinge van Christus was en wat reeds gesterf het.

**militante kerk**: Almal wat nog lewe en getroue getuies aan Christus is.
2x2= (4)

1.16 ? **Sakrament** is ? uitwaartse en sigbare teken van ? innerlike werklikheid. (2)

1.17 **Sonde** is wanneer mense misluk om te wees wat hulle bedoel is om te wees. (2)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.18 | 1.18.1 | Elohim: | Dui die almagtige God aan<br>Die Een wat alle bestaande dinge geskape het. | | |
| | 1.18.2 | Adonai: | Beteken Here.<br>Jode gebruik Adonai omdat hulle bang was om die naam Jahweh te gebruik. | 2x2= | (4) |
| 1.19 | 1.19.1 | Eerste gebod: | Aanbid geen ander God naas My nie. | | |
| | 1.19.2 | Agste gebod: | Jy mag nie steel nie. | | |
| | 1.19.3 | Agste gebod: | Jy mag nie steel nie. | 3x2= | (6) |

1.20 Die Heilige Gees. (2)
**[80]**

AFDELING B
**INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT**

**VRAAG 2**

2.1 Hy skryf aan ? Joodse gehoor

Matteus het al die Joodse gewoontes en rituele geken.
Hy gee ? prominente plek aan die Wet.
Hy verklaar nie Joodse gebruike en gewoontes nie, bv. pasga.
Hy het geweet dat die gee van aalmoese, gebed en vas, sentraal staan in die Joodse geloof.

Weet hoe gestel skrifgeleerdes was op ere-sitplekke in eetplekke en die sinagoges.

Hy gebruik ? goeie Grieks, maar met ? Joodse stempel.
Party van Jesus se Aramese woorde word nie verklaar nie.

Hy haal gereeld aan uit die Ou Testament (47 keer) en noem selfs die profete se name.

Toon dat Jesus die Ou Testamentiese profesie vervul het.

Hy verwys na die "Koninkryk van die Hemel" en praat nie van die "Koninkryk van God" nie omdat dit ? oortreding van die derde gebod is om God se naam te gebruik.

Hy gebruik simboliese getalle wat betekenisvol is vir die Jode, bv. Petrus verloën Jesus drie maal of die sewe "weë – julle" – uitsprake teen die Fariseërs.

Die inhoud lyk of dit in 5 logiese dele val. Dit is parallel aan die vyf boeke van die Wet. 8x2= (16)

2.2 Vorm van Paulus se briewe

Opening: Naam van die sender: "Paulus, ? apostel van Christus Jesus..."
Ontvangers: Aan wie die brief gerig is: "almal in Efese wat aan God behoort. "
Kort groet: "Genade en vrede vir julle."
Gebed dat die ontvangers voorspoedig sal wees.

Danksegging:
Danksegging oor God se genade.
Soms word doel of rede van skrywe nou genoem.

Boodskap
Het gewoonlik uit 2 dele bestaan.
Dogmatiese (leerstellinge) deel: hier word Christelike waarhede verduidelik.
Praktiese toepassing: die lesers word aangespoor om volgens God se Wil te lewe.

Finale groete:
Die waarhede word verduidelik
Soms is daar persoonlike nuus en groete
Laaste seëngroet sluit die brief af, soms "amen". 8x2= (16)

2.3 Die verhouding tussen Paulus en die gemeente inFilippi

Kort na sy vertrek, stuur hulle ? geskenk vir hom na Tessalonika.
Paulus het ? noue vriendskapsband met hulle gehad.
Dit was die eerste gemeente in Europa.
Hy het hulle tydens die derde sendingsreis weer besoek.
Hulle was entoesiasties oor die evangelie.
Hulle het altyd geskenke gestuur – selfs nou vir Epafroditus self om Paulus te help terwyl hy in die tronk was.
Hulle het vrygewig geld bygedra.
Paulus skryf: "Ek het julle baie lief"
"Julle is my blydskap ..."
Hy sê in sy brief aan hulle dat hulle hom gelukkig maak en dat hy trots is op hulle.
Alhoewel ander gemeentes baie probleme ondervind het, het die gemeente in Filippi hom net vreugde gegee.
Paulus sê hy is lief vir hulle.
Hy bid altyd vir hulle.
Hulle was getrou aan die Woord van God.
Paulus hoop om hulle weer te besoek as hy bly lewe, want hy verlang na hulle. (24)
Hy vermaan hulle vaderlik as hy bekommerd is. 12x2=

2.4 Die woord **eskatologie** word van twee Griekse woorde afgelei:

Eskhatos - laaste dinge
Logos - studie of leer

Dit is dus die verwagting van die wederkoms of oordeelsdag.

Daar is egter spotters/dwaalleraars wat sê:

As Christus nou nog nie gekom het nie, Hy nooit sal kom nie.
Verder sal niks regtig verander nie, want die ganse skepping is nog dieselfde.
Daar is dus geen tekens nie en Christus het vergeet.

Petrus leer ons om dit te weerspreek:

Alles het nie dieselfde gebly nie – dink aan Noag en daarna.
Jesus het nie die wederkoms vergeet nie, Hy toon genade sodat almal hul eers bekeer.
Tyd is nie vir God belangrik nie – duisend jaar is soos ? gedagte.
Dit gaan onverwags gebeur.
Soos ? dief wat in die nag kom.
Ons weet nie wanneer nie – net God weet wanneer.
Ons moet geduldig wees en gereed wees. 12x2= (24)

**[80]**

## VRAAG 3

3.1 Verskille tussen die sinoptiese Evangelies en die Evangelie van Johannes

Die begin van die Johannes-evangelie verskil van die ander.
Die sinoptiese evangelie-skrywers begin hulle evangelies op ? spesifieke tyd.
Johannes gaan terug na voor die skepping.
Johannes gee ? ander weergawe van waar Jesus oral geleer het.
Johannes gee ? ander beskrywing hoe lank Jesus se werk op aarde geduur het.
Daar is moontlik van mening verskil oor Jesus se ouderdom.
Die beskrywing van wanneer Jesus Sy werk begin het, is verskillend.
Dit is anders in die opsig dat Johannes ons vertel van Jesus wat mense doop.
Die tydsberekening van die reiniging van die tempel verskil.
Baie van die besonderhede in verband met die Lydensverhaal is anders.
Johannes laat baie dinge uit wat deur die Sinoptiese Evangelies ingesluit word.
Jesus word gesien as onafhanklik van ander mense.
Niks kan gebeur met die Jesus van die Johannes-evangelie nie.
Jesus het bomenslike kennis.
Jesus word reg van die begin af as Messias erken, sê Johannes.
Johannes vertel ons nie van Jesus se manwording nie.
Jesus praat skynbaar net oor Sy goddelikheid.
Die Sinoptiese Evangelies bestaan uit insidente, maar Johannes s'n is ? letterkundige eenheid.
Johannes beskryf nie die genesing van enige besetenes of melaatses nie.
Johannes beklemtoon die wonderelement in Jesus se werk meer as die ander.
Jesus se medelye is nie so opvallend nie.
Volgens Johannes bring wonderwerke geloof voort.
Johannes bied wonderwerke as tekens van Jesus se goddelikheid aan maar by die sinoptici demonstreer dit God se genade en liefde. 15x2= (30)

3.2 Daar is drie teorieë

(a) Paulus het dalk nuus ontvang van probleme in Filippi.
(b) Teen die einde van sy brief het hy dalk iets onthou wat hy nog wou sê en gaan bloot aan met skrywe.
(c) Dit is ? kombinasie van twee briewe.

**EN**

Dit is die Judaïste waarvan hy praat.
Dit is mense wat wil hê dat Joodse wette en gebruike nagevolg moet word.
Besnydenis is belangrik. Alleen dan kan ? mens gered word.
Mens kan slegs gered word as jy die wette gehoorsaam. 7x2= (14)

3.3 Jakobus se brief – ? praktiese toepassing van waarheid op alledaagse situasies

(Oop memo – leerders gebruik die hooftemas)

Geduld en deursettingsvermoë te midde van beproewing
Daders en nie net hoorders van die woord nie.
Die regte verhouding tussen ryk en arm.
Veroordeling van sosiale onderskeidings.
Beheersing van die tong.
Krag van gebed. 10x2= (20)

3.4 Die outeurskap van die brief van Judas

Die naam Judas was baie gewild.
Minstens vyf mense met dié naam in Nuwe Testament.
Paulus bly by Judas in Damaskus toe hy blind was.
Judas Barsabas was ? leier van die kerk in Jerusalem
Twee van Jesus se dissipels was Judas genoem, nl.
– Judas Iskariot wat Jesus verraai het en
– Judas die seun van Jakobus.
Judas, die broer van Jakobus en Jesus.
Hy noem homself ? "dienskneg van Jesus".
Hy onderskei homself van die ander apostels.
Hy verwys na Jakobus as sy broer.
Matteus noem Jakobus en Judas as broers van Jesus.
Judas, die broer van Jesus, het hierdie brief geskryf. 8x2= (16)
**[80]**

**VRAAG 4**

4.1 Markus skryf asof hy ? ooggetuie was

Jesus slaap op die bank (kussing) in die skuit.
Die mense sit in groepe van honderd en groepe van vyftig.
Blinde man sien mense "soos bome" loop
Jesus sit sy arms om die kindertjies.
Jesus sê vir die dogtertjie "talita koum".
Twee dissipels is "Boanerges" genoem
Dit was eintlik Petrus se verhaal wat Markus skryf. 7x2= (14)

4.2 Gevangenisbriewe/Tronkbriewe

Filippense: Pleit om eensgesindheid.
Verduidelik waarom Onesimus terugkeer.
Bedank vir geskenk.
Waarsku teen Judaïste.

Filemon: Prys Filemon vir sy geloof.
Versoek om Onesimus terug te ontvang.

Kolossense: Waarsku die gemeente teen ? valse leer.
Verduidelik die beginsels van Christelike lewe.
God het deur Jesus die wêreld geskape en sal dit deur Hom verlos.

Efesiërs: Jode en nie-Jode is gelyk voor God.
Die kerk is die liggaam van Christus.
Christus is die hoof van die Kerk.
Christus is die hoeksteen.
Raad oor behoorlike Christelike verhoudings. 4x4= (16)

4.3 Outeurskap van II Petrus:

Die probleem: die Grieks van II Petrus is veel swakker as die van I Petrus.

II Petrus stem baie ooreen met die brief van Judas – tog weet ons dat Judas lank na Petrus se dood geskryf is.

Ter ondersteuning van Petrus se outeurskap

In sy eerste brief was Silvanus/Silas sy sekretaris – verander die taal in puik Grieks.

II Petrus is deur die apostel self geskryf, daarom swak Grieks – hy was net ? visserman.

Geen bewyse dat Petrus Judas se brief gebruik het nie – dit kon andersom gewees het.
Die skrywer verwys na sy eerste brief en ons aanvaar die apostel het I Petrus geskryf.
Hy verwys na Paulus as "my geliefde broer" – dus ? mede-apostel.
Hy weet dat sy einde naby is.

Redes ter ondersteuning dat Petrus nie die outeur was nie

Vroeë kerk was traag om hierdie brief te aanvaar.
Daar is min wat ooreenstem met I Petrus.
Die styl en aard van die briewe verskil baie.
Daar is groot ooreenkomste met die brief Judas.
Die eerste Christene is reeds dood.
Paulus se geskrifte is toe reeds aanvaar. 10x2= (20)

4.4 Die heerskappy van Jesus Christus in sy Kerk volgens Openbaring 1-3

Die grootheid van Sy heerskappy

Hy is koning bo **alle aardse konings/regeerders**.
Voordat daar ? **begin** was, was Hy daar.
Die aarde sal **ophou bestaan** dan sal Hy nog daar wees.
Hy is die **Alfa** en die **Omega**.
Sy koningskap word steeds groter want daagliks word meer mense in Sy Ryk ingebring.
Die finale heerlikheid sal eers met **Sy wederkoms gesien word** en
dan sal almal dit sien. (Elke oog sal dit sien.)
Hy het ook die **dood oorwin deur** Sy opstanding.
**Christus is aan God** gelyk. Hy is alwetend.
Hy is Een wat is, was en wat kom.

Die troos van Sy heerskappy

Al dreig Hy die sondaars, is daar **tog genade** vir hulle.
Al is hulle **louwarm** en byna aan die slaap, buig Hy na hulle.
Hy kom nie net om te oordeel nie.
Hy kom **maaltyd hou** en vergewe hulle.
In die uur van beproewing sal Hy die gelowige **bewaar.**
Aan die einde sal Hy die gelowige bekroon.
Die **tweede dood** sal hulle nie tref nie.
Die troos lê daarin dat Hy hulle **toestand verstaan**.

Die uniekheid van Sy heerskappy

Dit kan met geen ander koningskap vergelyk word nie.
Aardse konings het beperkte mag – Jesus nie.
Hy regeer oor die hele aarde.
Hy regeer vir ewig.
Hy word as ? priester beskou.
Hy is ? priesterlike koning.
Hy doen die werk van ? priester.
Hy offer homself namens die onderdane.
Hy verruil sy grootheid om aan sy onderdane gelyk te word.
Hy kry sy oppermag terug deur lyding
Hy sterf vir sy onderdane – nie andersom nie.
Hy deel sy priesterskap met sy onderdane
Sy onderdane sal saam met hom op sy troon sit.
Hy wil Sy onderdane verhef tot konings.

Die mag van Sy sowereiniteit

Hy besit die sleutels van alle deure, dood en doderyk.
Hy het ook die sleutels van die hemelryk/paradys.
Waar Hy oopsluit, kan niemand sluit nie en waar Hy gesluit het, kan niemand oopmaak nie.
Hy het mag oor konings en nasies.
Hy het die mag om die kandelaar (Lamp) van ? gemeente te verwyder – heers oor die wêreld.
Hy kan die oorwinningskrone uitdeel
Hy kan die name in die Boek van die Lewe skryf of uitwis.
Sy mag is absoluut sodat Hy kan doen wat Hy wil.
Sy mag is so groot dat Hy dit kan deel as Hy wil – dan kan ons saam met Hom regeer.

Konsekwensies (gevolge) van Christus se soewereiniteit

Hy ken die dade van mense (goed en kwaad). Hy sal die mense oordeel.
Hy is alwetend – Hy ken die mense se sonde en alles wat hulle gedoen het.
Hy sal die ewige lewe as beloning gee – die tweede dood sal die gelowige nie tref nie.
Hy sal saam met die gelowige feesmaal hou.
Hy sal Sy soewerinitei t deel.
Die gelowige moet volhard in sy geloof.
Die ongelowige moet hom bekeer anders sal hy gestraf word.
Christus het alle mag om te oordeel.
Hy sal burgerskap aan die gelowiges gee wat getrou bly aan hulle geloof. 5x6= (30)

**[80]**

## VRAAG 5

5.1 <u>Taal en styl van Markus (Bonuspunte vir toepaslike voorbeelde)</u>

Skryf in ? swak Grieks.
Hy ignoreer die regte voorvoegsels.
Voeg sinne aanmekaar met "en" (KAI)
Gebruik woorde oor en oor.
Gebruik graag "meteens" en "verduidelik".
Skryf in historiese teenwoordige tyd.
Gebeure asof dit voor jou oë afspeel.
Skryf in eenvoudige skryfstyl – soos ? kind.
Gebruik Aramese woorde en verduidelik dit.
Skryf eenvoudig en realisties.
Skryf in besonderhede wat gewig aan sy weergawe gee. 8x2= (16)

5.2 <u>Matteus skryf sistematies en metodies</u>

Hy deel dit in vyf boekdele soos Moses se Pentateug.

Matteus se grootste gawe was sy vermoë om Jesus se hoofgedagtes in ? maklik verstaanbare sisteem te orden.
Hy het sy stof in vyf hoofafdelings ingedeel.
Bergpredikasie.

Ambassadeurs van die koninkryk
Die gelykenis van die koninkryk
Die persoonlike verhouding tussen lede van die koninkryk
Die koms van die koninkryk.

Jesus se leer was die basiese morele kode waarvolgens die Christen sy lewe moet aanpas.
Matteus rangskik gewoonlik dinge in drieë, vywe en sewes en plaas dinge in so ? volgorde dat ? mens dit kan onthou.

Daar is:
drie versoekings
drie wonderwerke van gesondmaking
drie gebede in Getsemané
drie verloënings van Christus deur Petrus

Vyf hoofafdelings oor die Christelike leer en sewe van die tipe:
"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs!" 9x2= (18)

5.3 Die verskillende begrippe waaroor Johannes in sy eerste brief skryf

Waarsku sy lesers teen die valse leraars, nl. gnostisisme. Noem hulle die antichris.

Godsbegrip:
God is lig en God is liefde.

Jesus-begrip:
Jesus was van die begin of daar
Hy is die Messias
Hy is waarlik en volkome mens
Hy is sonder sonde
Hy is ons Voorspraak.

Die Gees-begrip:
Die Heilige Gees is die Trooster
Hy maak ons bewus van God se teenwoordigheid.

Die wêreld-begrip:
Die wêreld erken die Christen nie
Die Christen leef in ? vyandige wêreld en voel ontuis
Die wêreld gaan verby – hy is verdoem.

Die kerk-begrip:
Gelowiges moet mekaar liefhê. 11x2= (22)

5.4 Outeurskap van Openbaring - Algemeen aanvaarde outeur Johannes, die apostel

Die apostel Johannes word algemeen aanvaar as die outeur.
Argumente om hierdie stelling te ondersteun:
Baie van die vroeë kerkvaders het hierdie teorie gesteun:
– Tertullianus, Clemens, Iranaeus
Sy naam was Johannes en hy het die Ou Testament goed geken (245 aanhalings).
Hy was ? Joodse Christen – verklaar die swak gebruik van Grieks.
Identifiseer met hulle wat vervolg word.
Hy weet baie van gemeentes in Klein-Asië.
Ooreenkomste tussen die Boek Openbaring en Johannes se ander geskrifte.
Hy ken die apokaliptiese manier van skryf. Daniël in die Ou Testament was ook ? apokaliptiese geskrif.
Hy noem dit ? openbaring en gebruik simbole om die nuwe wêreld te beskryf.
Hy noem ook sy naam omdat dit ? profetiese boek is.

(Voorbeelde uit die Boek Openbaring kry ook punte) 12x2= (24)
**[80]**

AFDELING C

**DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE**

**VRAAG 6**

6.1 Kennis en vertroue as elemente van geloof

"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie". Hebr 11v1

? Ware geloof bestaan uit gewisse kennis en ? vaste vertroue in God.
Met kennis bedoel ons die verstand; feitlike waarhede van die Skrif wat met die rede benader word. Die Heilige Gees verlig die verstand en maak begrip moontlik.
Geloof sonder die kennis is inhoudloos en leeg.
Tog, as net feite waargeneem word, sonder geloof in die feite, is dit koud en kil, soos die Fariseërs.
Die ware geloof is tog ook ? gemoedstoestand, die begrip en die hart.
Ons moet kennis hê van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord.

6x2= (12)

6.2 God as Vader

In die Ou Testament

God was die Vader van Israel.
Israel is deur God uitverkies om Sy volk te wees.
God was as die Vader van die koning beskou.
Die koning verteenwoordig die volk by God en praat namens die volk met God.

4x2= (8)

In die Nuwe Testament en vir die Christen

God is die Vader van elke individu.
Elkeen is daarvoor verantwoordelik om God te eer as Vader.
Hy is Abba of Vader. Die woord **Abba** dui op ? persoonlike verhouding tussen die individu en God. 4x2= (8)

6.3 Jesus se lyding onder Pontius Pilatus en Sy kruisiging

**Pilatus** was goeweneur oor Judea.
Hy was verantwoordelik vir die finale beslissing.
Joodse leiers kon nie die doodvonnis voltrek nie.
Judas het Jesus verraai.
Jesus is eers na Annas geneem en toe na Kajafas.
Die hoëpriester wou hê dat Hy ter dood veroordeel moes word – daarom na Pilatus.
Pilatus het geweet dat Jesus onskuldig was.
Hy was bang vir ? oproer indien hy nie die gepeupel hulle sin gee nie.
Hy het probeer om Jesus vry te laat.
Hy bied ? plaasvervanger vir Jesus aan – die skare het Barabas gekies.
Die Jode dring aan dat Jesus gekruisig word.
Pilatus vrees "As u hom loslaat, is u nie ? vriend van die keiser nie".
Hy wou nie sy eie posisie as goeweneur in gevaar stel nie – veroordeel ? onskuldige man tot die dood.

**Kruisiging** was ? algemene vorm van doodstraf in die Romeinse wêreld
Jode was verbied om enige mens te stenig.
Jesus na Golgota (kopbeenplek)
Hy dra Sy eie kruis. Simon van Sirene help.
Hy is saam met twee misdadigers gekruisig.
Die aanklag teen Hom is aan die kruis gesit.
Vernedering en skandelike vorm van dood.
Soldate het sy klere verdeel en oor sy onderkleed geloot.
Jesus het voluit gely; Sy pyn is op geen manier verlig nie.

Jesus het volslae alleen aan die kruis gevoel.
"My God, my God, waarom het U my verlaat?"
Hy het hewige smarte gely.
"Dit is volbring" – Jesus het gesterf
Om seker te maak het die soldate ? spies in Sy sy gesteek. 14x2= (28)

6.4 Heilige Gees is Trooster en Leermeester

Die Heilige Gees is die Parakleet.
Hy is ons Advokaat, Helper en Raadgewer.
Hy is ingeroep om Jesus te vervang.
Jesus het belowe om die Heilige Gees te stuur om die dissipels te help.
Die Heilige Gees openbaar die waarheid oor God.
Hy openbaar Christus aan die mens.
Hy help die mens om te onderskei tussen reg en verkeerd.
Hy het die dissipels gehelp om alles te onthou wat Christus hulle geleer het.
Hy is deur die Vader gestuur.
Hy gee hoop aan die wat vervolg word
Hy gee hulle krag om vol te hou
Hy openbaar goed en sleg aan die mens
Hy bring eer aan Jesus
Hy leer die mens deur die woord van God
Hy inspireer die Bybelskrywers 6x2= (12)

6.5 God se naam is heilig

In antieke tye is ? naam as kragtig beskou.
God maak Sy naam bekend aan Moses.
Die Israeliete het geweet hulle mag nie God se naam misbruik nie.
God maak Homself in Christus bekend.
Ons mag Hom in gebed, lofprysing en danksegging aanroep en ook as ons Hom nodig het.
Skakel met bede: Laat U naam geheilig word.
Om God te heilig, is om aan Hom die eer en glorie en aanbidding te betuig want Hy is afgesonder en anders as die mens.
? Naam het ? persoon se hele wese of self verteenwoordig.
Die naam van God verteenwoordig die geaardheid, karakter en persoonlikheid van God soos Hy dit aan die mens openbaar het.
Die naam van God word geheilig deur die voorbeeld wat ons in ons eie lewe stel, en sodat ander ook na Hom toe gebring sal word.
Hierdie bede verwys terug na die derde gebod waar die misbruik van die naam van God in gedagte, woord of daad verbied word. 6x2= (12)

**[80]**

**VRAAG 7**

7.1 Hoe God Homself deur die Skrif openbaar

Skrif is gebaseer op openbaring.
Skrywers het neergeskryf dit wat God aan hulle geopenbaar het.
Sonder openbaring kan daar geen skrif wees nie.
Skrif is die skriftelike rekord van God se openbaring van Homself aan die mens.
God praat deur die skrif met die mens.
Skrif lei die getroues in ? Goddelike lewenswyse.
Dit voorsien Christene van ? morele raamwerk van hoe ? Christen moet leef.
In die Ou Testament, openbaar God Hom deur die profete en in die nuwe Testament deur die Gees. 7x2= (14)

7.2 Die goddelike eienskappe van die Heilige Gees

Die Heilige Gees as ? "Ek" gee opdragte met Goddelike gesag: "Sonder nou Barnabas en Saulus vir my af vir die werk waarvoor ek hulle geroep het."
Die Nuwe Testament leer dat die Heilige Gees ? goddelike persoon is. Aan hom word kwaliteite toegesê wat net aan God alleen behoort. Hy weet alle dinge en Hy is ewig.
Hy is alomteenwoordig en alwetend.
Miskenning van die Heilige Gees is letterlik die verwerping van God self.
Lastering teen die Heilige Gees is die grootste sonde en daarvoor is geen vergewing nie.
Dan skend jy die majesteit van God.
Die Heilige Gees is nie net ? persoon nie, maar God – die Derde Persoon van die Drie-eenheid.
Jesus belowe dat die Heilige Gees gestuur sal word en dan sê Hy ook: "Ek kom weer na julle toe".
Paulus praat van die Gees van God en die Gees van Christus wat in die mense sal woon.
Naas die belofte van Jesus dat die Heilige Gees by die dissipels sal inwoon, beloof Hy ook dat Hy en die Vader by hulle sal woon. 7x2= (14)

7.3 Die doel van die Wet vir Christene

Mense kan nie op hulle eie gered word nie.
Die Fariseërs het dit probeer doen.
Christus is die ware redding.
Hy is die ware Wet van God.
Moet in Hom glo.
Moet nie vertroue in die letter van die wet plaas nie.
Die Wet maak die mense bewus van hulle sonde.
Die Wet bring kennis van sonde.
Die bedoeling van die Wet was om die mens op hulle swakhede te wys.
Toon dat hulle ? Messias nodig het.
Sonde om teen God in opstand te kom.
Die Wet was oor ons aangestel totdat Christus gekom het.
Die Wet lei die mens na God.
Christus is die Nuwe Wet.
? Mens word nie van alle morele verpligtinge onthef nie.
Jy is vry van die ou Wet en sy las.
? Mens is steeds onderworpe aan die Wet van Christus.
Dit is ? Wet van liefde. 11x2= (22)

7.4 Die vyfde gebod

7.4.1 Redes waarom God die gebod gegee het

In Hebreeus beteken die woord "eer" om hoë waarde daaraan te heg.
So moet kinders dít wat hulle ouers vir hulle doen van waarde ag.
Die woord beteken nie vrees nie, maar eer.
Daarom moet kinders gehoorsaam wees.
God het ouers gekies – hulle is mede-skeppers
Daarom is die gebod belangrik om ons verhouding met God te bepaal.
Daarom is dit wat die ouers jou van God leer, baie belangrik.
Die gebod sluit alle owerhede en gesag bo jou in – God plaas hulle daar. Dit sluit burgerlike en kerklike gesag in.
Jy moet vir hulle respek hê en daarom gehoorsaam
Volgens Deut. 17:12 moet priesters en regters gehoorsaam word.
Opstand teen enige wettige Godgegewe owerheid is verbode. 5x2= (10)

7.4.2 Gehoorsaamheid het ook perke

Blinde onvoorwaardelike gehoorsaamheid word nie verwag nie. Eerder gehoorsaamheid wat voldoen aan die wil van God.
Gehoorsaamheid moet aansluit by die wil van God.
Jy kan nie ? opdrag van jou ouers uitvoer as dit strydig is met die wil van God nie.
Solank die staat of owerheid volgens God se wil hulle wette gee, moet jy gehoorsaam. 2x2= (4)

7.4.3 <u>Die beloning vir gehoorsaamheid</u>

" ? Lang lewe in die beloofde land" word gegee as die beloning om hierdie gebod te gehoorsaam. As al die Israeliete hierdie gebod gehoorsaam, sal daar sosiale orde en vrede wees eerder as haat, onrus en burgeroorlog. Dan kan almal in eerbied teenoor die owerheid en teenoor mekaar gelukkig saam woon.
Die Israeliete het geweet dat hierdie gebod sou keer dat hulle onder mekaar baklei en hulle gelukkig saam laat woon. 3x2= (6)

7.5 <u>? Christen bid in die naam van Jesus</u>

Bid soos Christus – Hy bid by baie geleenthede.
Hy is ons voorbeeld.
Bid tot Christus: "Wat julle ook al in My Naam vra, sal Ek doen."
Bid deur Christus tot die Vader – Christus is ons voorspraak, ons bemiddelaar by die Vader.
Christus se naam is die waarborg vir ons gebed.
As ons vra "ter wille van Jesus Christus" sal God ons gebed verhoor. 5x2= (10)
**[80]**

## VRAAG 8

8.1 Die een algemene kerk waarvan Christus die Hoof is.

Eenheid van die kerk:
Christus wou die kerk verenig – tog is dit nog nie volmaak nie.

Die kerk is universeel; katoliek/algemeen
Christus wil hê Sy kerk moet ? eenheid vorm.
Daar is slegs een kerk van Christus.
Dit is nie beperk tot een plek, taal, mense, tyd of ruimte nie.
? Verenigde kerk sal in een stem praat en die wêreld makliker van sy boodskap oortuig.
Die eenheid is nog onvolmaak omdat ons menslik is.
Die plig van gelowiges is om te bid vir vergifnis sodat ? eenheid gevorm kan word.

Christus is Hoof van die Kerk:
Die kerk onstaan deur Christus, nie as gevolg van mense nie.
Christus het die kerk gestig en is teenwoordig in sy Kerk om dit te lei en onderhou.
Die kerk is alle gelowiges en hulle is die liggaam waar Christus die Hoof is.
Christus is die Heerser – die hoof – en sonder Hom kan die liggaam nie bestaan nie.
Die gelowiges het elkeen ? funksie soos ledemate van die liggaam. (14x2)= (28)

8.2 Die Khulisa-program

Wanneer die skuldige werklik berou het en sy lewe verander, is hy vergewe.
Hy word dan vrygespreek en hoef nie meer vir sy dade te "betaal" nie.
Net die Heilige Gees maak dit moontlik.
Berou beteken om jou hart en jou manier van lewe te verander.
Die Heilige Gees lei so enige mens tot berou en bekering – verandering van hart.
Geloof lei die sondaar tot bekering en verandering van hart.
Deur die Heilige Gees se werking kan enige sondaar geloof kry en na Jesus gelei word.

[**Oop memo – enige toepaslike antwoorde moet punte kry**] 6x2= (12)

8.3 Opstanding uit die dood

Wederopstanding is ? baie ou geloof – ou volkere het dit ook geglo, bv. Egiptenare.
Volgens Ou Testament reeds geglo, bv. Job.
Sommige rabbi's het besonderhede gelaat oor klere waarin hulle begrawe is.
Soos Jesus opgestaan het, sal Christene ook weer opstaan.
Verheerlikte liggaam.
Soos die saad wat ontkiem en ? nuwe plant vorm – so sal die Christen opstaan.
(Maks. 8 punte)

**EN**

Ewige lewe

God beskik oor die ewige lewe.
Dit is ? gawe van God.
Deur in Christus te glo, kry jy dit.
Daar sal ons saam met God wees.
God wil nie hê dat enigiemand verlore gaan nie.
Geen honger, dors of swaarkry.
Geen dood, rou, trane of pyn.
God is verenig met ons op die nuwe aarde/hemel.
Geen skeiding tussen God en die mense nie, maar volmaakte harmonie.
Nie net bedoel vir die toekoms nie.
Jy kry dit van die oomblik dat jy Jesus aanneem/glo.
Met die dood gaan ons dit heeltemal binne.
Die Heilige Gees help ons dit glo en lei ons die ewige lewe in. 9x2= (18)

8.4 Die eerste drie bedes

(i) Laat U naam geheilig word

Die woord **heilig** beteken heilig, hagios **anders**.
God se naam behoort slegs aan Hom.
Dit het ? spesifieke betekenis; is anders; moet altyd gerespekteer word
Dit beskryf die aard van Sy Wese. Ons moet Hom op die regte manier ken.
Ons moet Hom met eerbied behandel.
Sy Naam moet geëer word.
Ons verheerlik Sy Naam deurdat ons deur ons lewens ander na Hom toe lei.
Beskryf Sy verhouding met die skepping.
Hy sal ingryp in die wêreld sodat almal Hom sal dien.
Korrespondeer met "Jy mag My naam nie misbruik nie." 4x2= (8)

(ii) Laat U koninkryk kom

**Koninkryk** beteken "heerskappy van God".
Wanneer ons praat van die Koninkryk van God praat ons van Christus se heerskappy op aarde.
God se heerskappy is reeds gevestig op aarde.
Gevestig deur die lewe en dood van Christus.
Deur ons doop, word ons burgers van God se Koninkryk.
Deur te bid "Laat U Koninkryk kom" bid ons
- vir onsself dat ons God se wil doen op aarde
- dat Sy koninkryk sal voortgroei

God se heerskappy is nog nie volmaak nie.
Ons bid dat God se Naam deur alle mense geken en geëer sal word en dat Sy koninkryk volmaak sal word by die wederkoms van Christus. 3x2= (6)

(iii) Laat U wil op aarde geskied

Hierdie bede kom net in Matteus voor.
Gehoorsaamheid aan die Wet, is geglo beteken om God se wil te gehoorsaam.
God is ? liefdevolle Vader wat ons nooit verlaat nie en nie ? kruis sal oplê wat te swaar is nie.
Daarom bid Christene in volkome vertroue.
Alle dinge is volmaak in die hemel omdat dit volgens die wil van God gedoen word. (8)
Daar is geen redding buite God se wil nie. 4x2=

**[80]**

## VRAAG 9

9.1 Die waarde van die naam Jesus

Hierdie Naam is van God self afkomstig.
Die Naam is ? uitdrukking van die persoon (Jesus) se wese.
Naam vertel jou meer van ? persoon se taak en wie hy werklik is.
Dit is ? persoonsnaam wat terugdateer na die ou Hebreeuse vorm – "Josua" (Jahweh is redding).
Dit beteken God is heilig/God is redding.
Naam is spesifiek met God verbind.
Belangrike mense in die Ou Testament dra die naam.
Soos die opvolger van Moses wat Israel in die beloofde land inlei of die hoëpriester wat Israel na die ballingskap teruglei.
In Jesus se tyd was dit ? gewone noemnaam.
Ten minste 5 hoëpriesters was Jesus genoem.
Dit is ? Griekse naam wat beteken "God is verlossing".
Selfs ? towenaar Bar-Jesus of Barabbas was ook Jesus.
Die klem van die naam val op redding en verlossing. 4x2= (8)

**EN**

Die naam "Here"

Titel wat vir God gebruik is in die Ou Testament.
In Nuwe Testament gee die apostels die benaming aan Jesus en in vroeë kerk.
Nuwe Testament fokus in besonder op Jesus se verhouding met die mens.
Klem op Koningskap en Heerskappy. Heers oor wêreld op algemene en spesifieke manier.
Kom minstens 600 keer in die Nuwe Testament voor.
**Here** is die vertaling van die Hebreeus adonai i.e.(Here, Meester, eienaar, ens.) en die Griekse woord **Kurios**
**Here** word ook gebruik om **Jahweh** of **Jehova** aan te dui.
Daar is vier betekenisse:

absolute eiendomsreg – Hy besit volkome
absolute baas/meester – Hy beheer almal
absolute heerser/koning
absolute Godheid – Hy deel dit met geeneen nie. 4x2= (8)

9.2 9.2.1 Die Bybelse verbond

Dit is ? heilige kontrak tussen God en die mens. Dit het vier hoofkenmerke:

- Die inisiatief kom van God af.
- Die mens is ondergeskik en aanvaar God se eise – hyself stel geen voorwaardes nie.
- Hy sluit altyd ? belofte in.
- Dit sluit ook ? fisiese teken in. 4x2= (8)

9.2.2 God se verbond met Noag (Natuurverbond)

Dit is ? verbond met Noag en die ganse mensdom en die hele aarde.
Die verbond geld vir die gelowiges en die heidene.
God belowe om nooit weer die aarde deur water te laat vergaan nie.
Daar word geen eis aan die mens gestel nie.
Die reënboog is die teken. 3x2= (6)

9.2.3 God se verbond met Abraham (Genadeverbond)

God het die verbond met Abraham en sy nageslag aangegaan.
Genadeverbond genoem want Abraham het dit nie verdien nie.
God belowe aan Abraham om hulle ? groot volk te maak, hulle te seën en aan hulle die beloofde land Kanaan te gee.
God eis van hulle geloof en gehoorsaamheid
Die teken is die besnydenis. 3x2= (6)

9.3 Inleiding tot die Tien Gebooie

**Ek is die Here**: Die woord **Here** is gelyk aan **Jahweh** – die verbondsnaam van God. "Ek is wat Ek is" het Hy vir Moses gesê. Hy is Israel se **adonai**. Hy is ? ewige God en het alles geskape.

**Jou God**: God het Israel Sy volk gemaak. Hy het Israel gekies om Sy volk te wees. Israel moet anders as ander volke wees en ? voorbeeld wees. Israel sal sy doel aan ander volke oordra.

**Uit Egipte, plek van slawerny**: Israel het God gevra om hom uit slawerny te bevry. Hulle moet uit dankbaarheid God se gebooie gehoorsaam. Israel word herinner om dankbaar teenoor God te wees vir die redding. Die Nuwe Testament sê dat Jesus Christus gekom het om die Wet te vervul, nl. liefde. 4x3= (12)

9.4 "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelykstaan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". 4x2= (8)

9.5 Laaste drie bedes van die Ons Vader-gebed

Vierde bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood

Die woord "brood" word hier in ? letterlike en figuurlike sin gebruik, dit verwys nie net na die werklike brood nie.
Ons vra God vir ons materiële behoeftes vir ons menslike lewe wat gesondheid en geleenthede insluit.
Ons erken dat God die gewer van alle dinge is.
Dit maak nie saak hoe nietig ons behoeftes is nie, ons kan dit aan God stel.
Jesus verwys na Homself as die Brood van die lewe.
Ons moet egter net van God vra wat nodig is, dit is verkeerd om vir luukshede te bid.
Hierdie gebed is beslis vir ons eie behoeftes, maar ons mag nie nalaat om ook vir die behoeftes van ons medemens te bid nie.
Jesus sê die mens moet hom nie oor die toekoms bekommer nie, maar ons vertroue in God stel.
**Vandag** verwys net na wat ons vir ons dag se behoeftes nodig het. 4x2= (8)

Vyfde bede: Vergeef ons oortredings, soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree.

Die mens benodig vergifnis vir sy sonde, nl. dat ons nie lief is vir God en vir ons naaste nie.
Mense moet hulle verhouding met God regkry.
Oortredings is ons sondes deurdat ons vra vir vergifnis, bely ons ons sondes, ons het vergewing nodig, vergifnis benodig berou, ons wil ons verhouding van liefde met God herstel asook ons verhouding met ons medemens.
Ons vergeef ons medemens uit dankbaarheid teenoor God, ook die wat teen ons sondig. Dit is nie maklik nie. Ons moet volgens Jesus sewentig maal sewe keer vergewe. 4x2= (8)

Sesde bede: Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose

God versoek niemand nie – die duiwel wel.
Die duiwel het selfs vir Jesus versoek.
Ons bid dat ons nie bo ons kragte versoek sal word nie.
Ons erken dat God ons moet help en beskerm.
God laat versoeking toe om ons geloof te versterk.
God gee aan ons die krag om versoeking te kan weerstaan. 4x2= (8)
**[80]**

**TOTAAL: 400**